



\*ENGLISH TEXT BELOW\*

## MAANDELIKSE NUUSBRIEF: MEI 2020

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender by [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com) onmiddellik in kennis en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

### HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

- 1 ALGEMENE NAVRAE EN TERUGVOER
- 2 BRP JACQUES DU TOIT OMSENDSKRYWE: ZEPHAN & ORTHOTOUCH IN SAKEREDDING  
– HERHAAL VAN VORIGE NUUSBRIEF
- 3 JAARLIKSE OPVRAGING - 2020
- 4 HS 21 & 22 GESERTIFISEERDE KLAS-AKSIE - LAATKOMMERS
- 5 BELEGGERS MET EISE IN HS 15 TOT 20
- 6 ONLANGS IN DIE MEDIA: SEWE REDES VIR ORTHOTOUCH SE MISLUKKING VERG  
ONDERSOEK
- 7 GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE
- 8 BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

## 1. ALGEMENE NAVRAE EN TERUGVOER

Die HSAG regsplan ontvang steeds talle navrae in verband met die e-posse wat aan beleggers gestuur is rakende die “opt-in” periode vir beleggers in HS 21 en 22, en hoe dit aansluit by persone wat reeds opbetaalde HSAG lede is.

Die HSAG is 'n vrywillige groep wat bestaan uit 'n groot aantal beleggers in die HS maatskappye wat die litigasie ondersteun as die enigste uitweg om beleggers se miljarde te vorder. Die HSAG Bestuur is die dryfkrag agter die HSAG, tesame met die regsplan, Theron & Vennote.

Die geheim tot die HSAG struktuur, is die ekonomie van skale, wat voorsiening daarvoor maak dat 'n massa-groep beleggers gesamentlik minimale bydraes maak om die litigasie te voer. Individuele litigasie kan honderde duisende rande beloop, en op 'n individuele basis is daar slegs enkele beleggers wat die litigasie vir hulself kan finansier. Die meerderheid beleggers is dus haweloos gelaat en het geen ander keuse gehad as om Georgiou se mislukte skemas en belaglike opsies te aanvaar nie.

Ten einde toegang tot geregtigheid te laat geskied vir daardie hawelose beleggers, is die HSAG met sy groepslede befondsingsmodel gestig. Die doel met die befondsingsmodel is om klas-aksies te loods namens duisende beleggers, om sodoende toegang tot geregtigheid te bewerkstellig op 'n bekostigbare wyse.

Sedert die ontstaan van die HSAG is sy lede dus regsverteenvoerdig teen 'n fraksie van die kostes van individuele regsverteenvoerdiging. Indien dit nie vir die HSAG was nie, sou daar nie 'n gesertifiseerde klas-aksie wees vir lede in HS 21 en 22 nie, en sou daar ook nie 'n klas-aksie uitgereik kon word vir lede met beleggings in HS 15 tot 20 nie.

Met 'n eisoorzaak gebaseer op die veel eenvoudiger spesifieke nakoming remedie (afdwing van kontraktuele verpligting, nl. die terugkoopklousules), kon HS 21 en 22 se eise op 'n bespoedigde basis hanteer word na beide die Hooggeregshof en Hoogste Hof van Appèl beslis het dat daardie terugkoopklousules afdwingbaar is, ten spyte van die Art 155 Reëlinskema.

Die gevolg is dat HS 21 en 22 se klas-aksie in Desember 2019 gesertifiseer is.

Aangesien daar lede was met beleggings in die ander sindikasies wat gevoel het dat dit onregverdig is dat HS 21 en 22 se klas-aksie op 'n bespoedigde basis hanteer word (ongeach van die feit dat daar wel ook 'n klas-aksie uitgereik is namens beleggers met eise in HS 15 tot 20 op grond van bedrog en wanvoorstelling), het die sertifiseringsuitspraak gemeld dat daar nie verder enige HSAG opvragings aangewend mag word ten opsigte

van die gesertifiseerde HS 21 en 22 klas-aksie (“CCAF” – Certified Class Action FastTrack) nie, en dat registrasiefooie dus ’n vereiste moet wees om deel te vorm van die HS 21 & 22 klas-aksie, aangesien dit nie verder sou kon vorder sonder die nodige befondsing nie.

Dit sou egter onbillik wees teenoor getroue en bestaande HSAG-lede met beleggings in HS 21 en 22 om verdere registrasiefooie te betaal, na hul vir jare bygedra het en dit moontlik gemaak het om tot op hierdie punt te kom. Om die onreg te voorkom, is daar verder in die hofbevel bepaal dat opbetaalde HSAG-lede nie registrasiekostes hoef te betaal nie.

Die HS 21 & 22 sertifiseringsuitspraak het verder toegelaat dat alle beleggers in HS 21 en 22, teen betaling van ’n registrasiefooie, kan deel vorm van die HS 21 & 22 klas-aksie, ten einde toegang tot geregtigheid te bewerkstellig, in plaas daarvan dat die klas-aksie net toeganklik is vir HSAG-lede.

Buiten vir die verbod op kruisbefondsing, het die bevel ook ander vereistes daargestel wat verband hou met kennis aan beleggers. Hierdie vereistes is van kardinale belang, aangesien dit verband hou met die wyse waarin beleggers in HS 21 & 22, wat nie opbetaalde HSAG-lede is nie, kennis kry van die gesertifiseerde klas-aksie.

Om aan die kennisgewing-vereiste te voldoen soos in terme van die hofbevel, was daar e-posse en SMSse uitgestuur vanaf beide die HSAG databasis, en ’n databasis wat die sakereddingspraktisyn, Mnr Hans Klopper, opgestel het vir die HS maatskappye. Die kennisgewings is aan almal met beleggings in HS 21 & 22 gestuur, ongeag van hul HSAG-lidmaatskap, maar het wel melding gemaak dat dit nie van toepassing is op opbetaalde HSAG-lede nie.

Die webgebaseerde “opt-in” portaal was dus bedoel vir enige persone met beleggings in HS 21 en/of 22 wat nie opbetaalde HSAG-lede was teen 31 Januarie 2020 nie.

Persone wat deel vorm van die gesertifiseerde HS 21 en 22 klas-aksie, kan egter steeds HSAG-lede wees, veral as hulle verteenwoordig wil word ten aansien van hul beleggings in HS 15 tot 20, en sal hul HSAG-lidmaatskap op die voorgeskrewe wyse moet beëindig indien hul slegs deel wil wees van die gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie (“CCAF”).

Dit is waarom persone wat voorheen HSAG-lede was, en nie hul lidmaatskap beëindig het nie, steeds HSAG state ontvang, sowel as Nuusbriewe. Die gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie, val dus nie onder die HSAG sambreel nie, en word afsonderlik hanteer in terme van die hofbevel.

Daar is wel steeds voordeel aan u HSAG-lidmaatskap, aangesien die HSAG se reeds bestaande infrastruktuur tot u voordeel aangewend word. Dit sluit in die HSAG Whatsapp groepe, Facebook blad en webtuiste waarop voortdurend gekommunikeer word. Verder is die HSAG ook betrokke by die sakereddingsproses van Zephan en Orthotouch, en gee terugvoer en verdere inligting wat verband hou met die proses. Die HSAG het ook 'n teenwoordigheid op die krediteurekomitee van die maatskappye, en tree sodoende dus ook in die belang van sy lede op.

Persone wat die “opt-in” opsie uitgeoefen het en hul registrasiefooie betaal het, is dus deel van die gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie.

Die Covid-19 pandemie het nie die klas-aksie omvergewerp nie, maar tog die proses vertraag, aangesien howe nie in normale werking is nie, en die klas-aksies nie in terme van die reg beskou word as dreigend en dringende sake wat noodsaaklik is gedurende hierdie ongekende tye nie.

'n Verdere gevolg van die inperking, is dat die HSAG regsman se kantore vir bykans 'n maand gesluit het, en alhoewel die regsman steeds volstoom aan die werk was vanaf hul tuistes, kon sekere stappe in terme van boekhouding nie teen die normale trant geskied nie. 'n Verder vertraging was dat talle persone nie gehoor gegee het aan die instruksies nie, en hul registrasiefooie in die HSAG trustrekening betaal het, welke betalings ondersoek moes word en oorgeplaas moes word na die CCAF trustrekening. Sulke gevalle hou die regsman se kantore ongelooflik besig.

Die regsman is steeds van voorneme om aan alle persone wat deel vorm van die HS 21 & 22 klas-aksie e-posse te stuur ter bevestiging van hul “opt-in”, en hoop om dit binnekort te kan doen, tesame met 'n staat wat ontvangs van hul registrasiefooie bevestig.

Indien u op die voorgeskrewe webgebaseerde “opt-in” portaal ingeteken het, u inligting behoorlik ingevoer het, en u registrasiefooie betaal het onder die regte verwysing, is u “opt-in” noodwendig suksesvol.

## 2. **BRP JACQUES DU TOIT OMSENDKYWE: ZEPHAN & ORTHOTOUCH IN SAKEREDDING – HERHAAL VAN VORIGE NUUSBRIEF**

Die HSAG ontvang tans talle navrae in verband met 'n skrywe van Jacques du Toit, die sakereddingspraktisyn (“BRP”) vir Zephan en Orthotouch, gedateer 6 Mei 2020, wat beleggers ontvang. Die skrywe verwys na die gepubliseerde sakereddingsplanne vir Zephan en Orthotouch, en versoek dat beleggers binne 7 dae sekere sessie en volmag vorms voltooi.

Die regspraak is van mening dat beleggers nie op die skrywe moet reageer nie, aangesien dit 'n poging is van Du Toit om die sakereddingsplan op 'n onreëlmatige wyse in werking te stel, deur te steun op die nasionale inperkings as 'n regverdiging om die voorgeskrewe prosesse in terme van die Maatskappywet te omseil, sonder dat 'n wetlik vereiste vergadering plaasvind waar beleggers besware kan lewer en wysigings van die plan kan voorstel. Hierdie vergadering word verplig deur die Maatskappywet.

Die feite is as volg: meeste beleggers is bejaarde persone, wat soveel meer kwesbaar is vir die Covid-19 virus. Daardie persone kon dus nie tydens die inperking regsadvies bekom nie, en kon ook nie fisies met hul finansiële adviseurs konsulteer nie, buiten op telefoniese of ander tegnologiese wyses. Dit is dus totaal onredelik om te aanvaar dat beleggers enigsins 'n ingeligte besluit kan maak om te stem vir of teen die plan, sowel as om 'n geleentheid gegun te word om na ander se besware en bekommernisse te luister.

Ongeag van die keuse wat u uitoefen, indien u die vorms invul, kan dit 'n sterk aanduiding skep dat u die onregmatige kortpad proses wat Du Toit probeer volg ondersteun, selfs indien u die blokkie invul wat aandui dat u buite stemming bly. Dus, bly weg, of indien u op advies van finansiële adviseurs of ander persone wil steun, kontak u eie prokureur.

**Die HSAG se standpunt ten aansien van die sakereddingsplanne, soos deurgegee aan Moneyweb, volg hieronder:**

Die twee besigheidsreddingsplanne van Zephan en Orthotouch het presies dieselfde oogmerke ten doel, naamlik, om beleggers in die Hoëveld Sindikasies te intimideer om (a) 'n nóg slegter "terugbetalingsplan" as voorheen te aanvaar; en (b) om die hofgeding en die verhaal van verliese van Georgiou uit te stel.

Ten spyte van voormelde sal Georgiou straks nie slaag nie, aangesien die klas-applikante die Hof versoek dat die klas-aksies teen hom en sy entiteite voortgaan, ondanks die sake-reddings verrigtinge.

Die twee planne maak 'n algehele bespotting van gevestigde beginsels wat sakeredding reguleer ten opsigte van maatskappye wat blykbaar nie eens finansiële state opgestel, gehou of ingedien het nie! Die BRP het 'n wetlike plig om onreëlmatighede te rapporteer wat hy kennelik nie gedoen het nie. Die planne is bloot opgestel om aan te pas by Georgiou se eie belange en nie by beleggers en bona fide krediteure nie.

As die planne byvoorbeeld aanvaar word, poog Georgiou weer om homself, sy familie, Hans Klopper en ander van eise vry te stel. Dit is grof onreëlmstig en benadeel beleggers wesenlik, maar Du Toit het geen redes daarvoor gegee nie.

Die konsep planne onderskei ook nie enigstins tussen die krediteure van die onderskeie ondernemings nie. 'n Gelykgestelde lys van krediteure van albei maatskappye word gegee (soos die geval met die bates). Vreemd genoeg is daar geen finansiële state beskikbaar gemaak nie, en word daar word ook nie in die planne na (of uittreksels) verwys nie.

Die krediteurelys weerspieël daarby ook 'onbekende derde partye' as krediteure ter waarde van R610 miljoen. Dit is absurd, aangesien die ouditeure en direkteure van die maatskappye sekerlik hierdie identiteite ken.

Dit is ook eenaardig waarom die geheimsinnige “derde party” -finansierder, wat die broodnodige fondse vir die terugbetaling van beleggers wil voorsien, nie geïdentifiseer word nie.

Alhoewel die HSAG van mening is dat die planne, selfs as dit aanvaar word, nie die klas-aksie sal beïnvloed nie, word beleggers nietemin gewaarsku en aangeraai om nie sondermeer die voorgestelde stem proses deur wyse van volmagte en sessie vorms (sonder dat daar 'n fisiese vergadering geroep word soos deur die Maatskappyyewet vereis) te ondersteun of aanvaar nie. Deur te stem soos versoek deur Du Toit, selfs indien u aandui dat u teen die plan stem, of buite stemming bly, soos aangedui op die volmagvorm, kan dit gesien word dat die kortpadproses van Du Toit geratifiseer word deur HS beleggers.

As 'n belegger ten gunste van die plan stem, sal hy/sy ongetwyfeld van sy of haar eise en regte teen Georgiou en sy entiteite verloor of afstand doen daarvan.

### **In kort, is die HSAG Bestuur se standpunt dus dat:**

1. beleggers nie die BRP (Du Toit) aanbod moet aanvaar nie;
2. die aanbod net nog 'n poging is om beleggers bang te maak (Du Toit dreig met likwidasië en die terugbetaling van rente);
3. die dreigement bangmaak stories is sonder enige regsgronde;
4. daar 'n groot risiko is dat indien beleggers die aanbod aanvaar deur 'n opsie te kies, hul regte en eise herskik word en Georgiou en ander wegloop met jou geld; en

5. dat die BRP se skrywes ignoreer moet word (moenie enige van hul briewe voltooi nie).

Die HSAG gaan volstoom voort met die relevante hofsake.

Ten einde die gemelde bekommernisse en tekortkoming in die huidige proses wat gevolg word onder Du Toit se aandag te bring, het die HSAG op 12 Mei 2020 'n skrywe na Du Toit as BRP gestuur waarin die volgende punte aangeraak word:

- Die omsendskrywe met aangehegde volmag en sessie vorms wat gestuur is;
- die misleidende dekbriëf wat die skyn skep dat Du Toit bloot 'n aanduiding wil kry of persone die (onregmatige) proses ondersteun;
- die HSAG se voorneme om die Hooggeregshof te nader indien die wetlike proses nie gevolg word nie;
- die onaanvaarbaarheid en onregmatigheid van die huidige voorgestelde proses wat Du Toit poog om te volg;
- die kwytskelding van Georgiou en ander direkteure indien die plan aanvaar word;
- die onbekende identiteit van die derde party befondser wat kommerwekkend is;
- die belang van 'n fisiese vergadering waarop daar gestem kan word vir of teen voorgestelde wysigings, en/of die finale sakereddingsplan;
- Du Toit se versuim om onreëlmatighede aan die onderskeie owerhede te rapporteer; en
- die feit dat Du Toit poog om twee afsonderlike entiteite basies onder dieselfde plan te red, en daardeur 'n enkele gemengde lys van krediteure te voorsien, wat onder andere 'n krediteur van R610 miljoen se identiteit geheim hou.

Indien u die HSAG se skrywe wil lees, kan u dit besigtig by: <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/05/LettertoDuToit20200512.pdf>

Sedert die aanvang van vlak 4 van die regulasies is Theron & Vennote se kantore oop ten einde essensiële regsdienste te lewer. U sal dus die kantoor weer telefonies kan skakel.

### **3. JAARLIKSE OPVRAGING – 2020**

Hierdie afdeling is nie van toepassing op CCAF lede nie (daardie persone wie slegs deel is van die gesertifiseerde HS21 en 22 klas-aksie).

Die kostes verbonde aan litigasie is enorm, en alhoewel die ekonomie tans tot feitlike stilstand gebring is, moet die HSAG regspraak en advokatuur steeds hul onverwylde aandag gee aan beleggers se saak/e.

Buiten vir die spesiale voorverhoorheffing betaalbaar deur lede met beleggings in HS 21 en 22, het die HSAG 18 maande laas 'n jaarlikse opvraging gedoen en was daar intussen 'n lywige afgeleide klas-aksie vir beleggers in HS 15 tot 20 uitgereik.

Verder, is Orthotouch en Zephan in sakeredding geplaas en die HSAG regspraak moet van kundige advies gebruik maak ten einde die proses te monitor en deel te neem ten einde lede se belange te beskerm. Dit behels onder andere 'n deeglike ondersoek na die sakereddingsplanne vir Zephan en Orthotouch, en die oorweging van talle moontlike stappe wat geneem kan word ten einde beleggers se belange te beskerm.

In lig van bogenoemde, sal dit nodig wees dat 'n opvraging in 2020 teen lede se state gehê word.

Die regspraak, in oorlegpleging met die HSAG Bestuur, sal binne die volgende paar maande 'n besluit neem rakende enige versoeke vir bydraes vir 2021.

#### **4. HS 21 & 22 GESERTIFISEERDE KLAS-AKSIE – LAATKOMMERS**

Die “opt-in” periode vir die gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie het reeds op 16 Maart 2020 om middernag gesluit. Die HSAG regspraak is gebonde aan Regter Tolmay se hofbevel, en kan geen uitsonderings maak sonder die Hof se toestemming nie.

Die Covid-19 pandemie het egter 'n noemenswaardige impak op ieder en elk se finansies, sowel as toeganklikheid tot finansiële instellings, finansiële- en regsadviseurs sowel as pos- en rekenaardienste. Hierdie omstandighede, sowel as die HSAG se derdeparty rekeningkunde diensverskaffer wat die opdatering van state tydens Februarie en Maart 2020 vertraag het, het die HSAG Bestuur genoodsaak om die afsluiting van die “opt-in” periode, soos bepaal deur die Hof, te oorweeg.

**Dit het onder die HSAG Bestuur se aandag gekom dat daar enkele beleggers is wat steeds sou wou deel wees van die HS 21 & 22 gesertifiseerde klas-aksie, maar dat dit weens bovermelde omstandighede nie moontlik was om betyds aan te sluit nie.**

In 'n poging om daardie persone by te staan, is die HSAG regspraak bereid om 'n lys saam te stel van sodanige persone, onderhewig daaraan dat hul onmiddellik hul registrasiekoste van R4 500 of R6 500 betaal (R4 500 vir 'n totale gekombineerde



belegging in HS 21 & 22 van R100 000 en minder, en R6 500 vir 'n totale gekombineerde belegging van meer as R100 000), met die doel om die Hof te nader om te versoek dat daardie persone ook deel vorm van die klas beleggers wat die “opt-in” opsie uitgeoefen het.

Die HSAG regspraak kan egter geen waarborgs gee dat laatkommers se insluiting deur die Hof goedgekeur gaan word nie, en sal dit op beleggers se eie risiko wees.

Persone wat van hierdie geleentheid wil gebruik maak, moet sulke versoek rig na [admin@ccaf.co.za](mailto:admin@ccaf.co.za).

**In die versoek moet u asseblief die volgende besonderhede voorsien:**

- Volle naam en van
- Identiteitsnommer
- Woonadres
- Selfoonnommer
- e-pos adres
- Verteenwoordiger (indien van toepassing)
- Waarde van belegging in HS 21 en/of HS 22
- Rede waarom u nie teen 16 Maart die “opt-in” vorm kon voltooi nie

U sal 'n antwoord ontvang wat aandui wat die registrasiefooi is wat u moet betaal, sowel as die verwysing wat u moet gebruik wanneer u die betaling maak.

Beleggers wat reeds die “opt-in” opsie uitgeoefen het en skriftelik aansoek gedoen het om die registrasiefooi oor ses maande af te betaal deur wyse van die voorgeskrewe aansoekvorm, moet hul totale registrasiefooi binne 6 maande vanaf die datum waarop hul die opt-in vorm voltooi het, ten volle betaal om deel te wees van die gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie. Indien die volle registrasiefooi nie binne ses maande vanaf die “opt-in” tydperk, soos vasgestel, betaal is nie, sal daardie persone ongelukkig nie deel kan wees van die gesertifiseerde klas-aksie (“CCAF”) nie.

U word weereens daaraan herinner (indien u dit nog nie gedoen het nie) om solank u FICA dokumente stuur na [accounts@ccaf.co.za](mailto:accounts@ccaf.co.za).

Daar is persone wat aangedui het dat hul nie bereid is om hul FICA dokumente te voorsien nie, aangesien hul met hul aansluiting reeds sekere dokumente voorsien het. Daar was egter 'n lang tydsverloop sedertdien, en moet daardie persone ongelukkig steeds hul dokumente voorsien vir doeleindes van FICA verifikasie.

Die dokumentasie tans benodig is 'n afskrif van u Identiteitsdokument, sowel as 'n bewys van adres (nie ouer as drie maande).

Die regspan bedank diegene wat reeds hul dokumentasie gestuur en hul goeie samewerking tot dusver gegee het.

**Die Kennisgewing van Mosie kan besigtig word by:**

<http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2019/10/Amended-Notice-of-Motion-Fast-Tracking-of-buyback-claims.pdf>

**Die Hofbevel en uitspraak gelewer deur Regter Tolmay op 10 Desember 2019 kan besigtig word by die volgende skakel:**

<http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HS2122Order.pdf>

## **5. BELEGGERS MET EISE IN HS 15 TOT 20**

Die HS 15 – 20 sertifiserings-aansoek is reeds uitgereik en beteken op Georgiou en andere, en is die onderskeie regsverteenvoerders tans besig om stukke uit te ruil. Huidig is die regspan besig om op die teenkant te wag.

Weens die Covid-19 inperking is sekere hofprosesse tydelike gestaak, en is dit ongelukkig buite die hande van die regspan. Sodra die nuwe regulasies bekendgemaak word, sal die regspan dit evalueer ten einde te bepaal welke stappe geneem kan word om die proses te dryf.

Die gerugte wat die rondte gedoen het dat die plasing van Zephan en Orthotouch in sakeredding sal beteken dat alle litigasie gestaak sal word, is nie waar nie. Die Maatskappywet bepaal uitdruklik dat litigasie teen 'n maatskappy in sakeredding kan voortgaan met die toestemming van die sakereddingspraktisyn of indien die Hof so gelas. Indien die Hof dit gelas, kan daar dus voortgegaan word met litigasie al stem die sakereddingspraktisyn nie daartoe in nie.

Dit is ook belangrik om kennis te neem dat die litigasie nie alleenlik teen Orthotouch of Zephan gevoer word nie, maar dat daar talle ander Respondente is wat onder andere Mnr. Georgiou en van sy familieledede in hul persoonlike hoëdanigheid insluit. Van die ander Respondente is Mnr. Hans Klopper, die sakereddingspraktisyn van die HS maatskappye.

Die HSAG Bestuur poog om te alle tye in die beste belang van al sy lede op te tree en is steeds van voorneme om, soos voorheen bekend gemaak, namens elke HSAG-lid wat

opbetaal is te onderhandel indien daar enige skikkingsonderhandelinge sou plaasvind. Hierdeur word daar opgetree namens elke lojale lid wat dit vir die HSAG oor die jare moontlik gemaak het om, deur hul ondersteuning, hierdie punt te bereik.

## **6. ONLANGS IN DIE MEDIA: ZEPHAN & ORTHOTOUCH SAKEREDDINGSPLANNE**

'n Finansiële joernalis van Moneyweb het onlangs 'n artikel gepubliseer oor Orthotouch se mislukking.

Soos in vorige nuusbriewe gaan ons voort om 'n kort en bondige opsomming van die artikel te gee, maar ons wil u graag uitnoui om die amptelike artikel te lees.

### **Sewe redes waarom Orthotouch se mislukking ondersoek moet word**

Dit is van kritiese belang dat die rol en gedrag van die besluitnemers ondersoek moet word.

Orthotouch en Zephan is laat in 2019 in sakeredding geplaas. Dit het effektiewelik die 'reddingsproses' van die mislukte Hoëveld Sindikasie skemas beëindig. Alhoewel daar nie nog nie besigheidsreddingsplan gepubliseer is nie (ten tyde publikasie van die artikel), is dit duidelik dat die 18 700 meestal bejaardes wat R4,6 miljard in die skemas belê het, moontlik net kan verwag om 'n paar sent in die rand te ontvang.

Die besigheidsreddingsproses van die HS-maatskappye is gelei deur Hans Klopper, die huidige hoof van herstrukturering by die internasionale audit- en konsultasiefirma, BDO. Hy is bygestaan deur verskeie individue, insluitend die korporatiewe prokureur, Connie Myburgh. Myburgh is ook die voorsitter van die Nova Eiendom Groep, die reddingsvoertuig van die mislukte Sharemax beleggingskema.

Gedurende die afgelope 18 maande het Moneyweb 'n volg-die-geld ondersoek gevoer rakende transaksies verwant aan die 79 eiendomme wat oorspronklik gesindikeer is as deel van die Hoëveld Sindikasies.

Die bovermelde ondersoek het die afverkoop van bykans al hierdie eiendomme ontbloom, sonder dat veel, indien enige, van die opbrengste daarvan gevloei het na beleggers. Daarom is dit van krities belang dat die rolle en gedrag van die besluitnemers, veral Nic Georgiou, die skamelbout van die skemas, Klopper en Myburgh ondersoek word.

Moneyweb het sewe aspekte geïdentifiseer wat ondersoek vereis.

## **'n Forensiese ondersoek moet fokus op sewe ontwikkelinge**

### **1. Die nie-oordrag van eiendomme na die HS maatskappye**

Die mees blatante ontwikkeling wat ondersoek moet word, is die nie-oordrag van 42 eiendomme wat Georgiou, of entiteite verwant aan hom, aan HS beleggers verkoop het.

Beleggers het R3,4 miljard vir die onbeswaarde eiendomme betaal, maar dit is eenvoudig nooit oorgedra aan die HS-maatskappye waarin die beleggers aandeelhouers is nie. Die R3,4 miljard is steeds onverklaarbaar.

Klopper het, ná sy aanstelling as sakereddingspraktisyn, versuim of nagelaat om dit te ondersoek. Hy het in sy besigheidsreddingsplan aangevoer dat so 'n ondersoek te duursaam sou wees. (Die besigheidsreddingsplan was feitlik 'n afskrif van die vorige aanbod wat Georgiou gemaak het, wat deur die beleggers verwerp is. Die aanbod is dus deur middel van die besigheidsreddingsproses geïmplementeer.)

In realiteit, inaggenome die aard van die bates en die omset wat die oordragte tot gevolg gehad het, sou dit nie te moeilik wees om te ondersoek nie.

Beleggers se R3,4 miljard was in die trustrekening van prokureur Eugene Kruger betaal, wat die geld blykbaar uitbetaal het voor voordat die eiendomme oorgedra is. 'n Analise van bankstate sal sekerlik wys waar die geld beland het.

Kruger se uitbetaling van die R3,4 miljard voor die oordrag, strook nie met algemene praktyke in verband met oordrag van eiendomme nie, en moet beslis ondersoek word.

Klopper se versuim om hierdie aangeleentheid te ondersoek, het tot gevolg dat Georgiou, sowel as die entiteite verwant aan hom, nooit aanspreeklik gehou is vir die nie-oordrag van die eiendomme aan Orthotouch nie.

### **2. Die verkoop van die 42 eiendomme aan derde partye**

Benewens die feit dat die eiendomme nie oorgedra is nie, soos vermeld in punt een hierbo, het Georgiou die 42 eiendomme aan derde partye verkoop. Dit beteken dat Georgiou die eiendomme twee keer verkoop het: eerstens aan beleggers deur die suksesvolle sindikasie van die eiendomme, en tweedens aan derde partye, onder andere sy seun se genoteerde maatskappy, Accelerate.

Hierdie transaksies het ook die gevolg gehad dat Orthotouch groot rekeningkundige verliese gely het. Dié verliese is nooit aan beleggers verduidelik nie. Dit is ook nie duidelik waarvoor die winste aangewend is nie.

Klopper en Myburgh het, as Direkteure van Orthotouch, hierdie transaksies goedgekeur.

### **3. Die verkoop van 31 eiendomme aan Accelerate**

Klopper en Myburgh het ook die verkoop van 31 eiendomme in Desember 2013 aan Accelerate, die genoteerde entiteit van Nic Georgiou se seun, Michael, goedgekeur. Hierdie eiendomme is verkoop vir R1.3 miljard.

Hierdie verkooptransaksies het tot gevolg gehad dat slegs R30 miljoen na Orthotouch gevloei het. Volgens Moneyweb se berekeninge het Orthotouch 'n verlies van R782 miljoen gely in die proses.

16 van die 31 eiendomme het deel gevorm van die 42 eiendomme wat nooit aan Orthotouch oorgedra is nie.

### **4. Botsing van belange?**

Kort nadat Klopper aangestel is as die sakereddingspraktisyn van die HS maatskappye, is hy aangestel tot die Orthotouch direksie, oënskynlik om na die beleggers se belange om te sien. Hy het dus 'n dubbele vertrouensplig gehad wat behels het dat hy die beleggers verteenwoordig en omsien na hul belange, terwyl hy sy pligte as direkteur nagekom het, wat hoofsaaklik behels het dat hy die volledige implimentering van die sakereddingsplan, en gevolglike Reëlinskema, moes verseker.

#### **Hy het beide hierdie pligte misluk.**

Hierdie dubbele vertrouensplig kon lei tot 'n botsing van belange, wat potensiaal die onhoudbare situasie tot gevolg gehad het waar Klopper nie sy vertrouenspligte as sakereddingspraktisyn en as direkteur van Orthotouch kon nakom nie. Byvoorbeeld, as Klopper regstappe teen Orthotouch in sy hoedanigheid as sakereddingspraktisyn moes neem vir die nie-implimentering van die sakereddingsplan of die Art 155 Reëlinskema, sou hy effektiewelik regstappe teen homself as direkteur van Orthotouch moes neem.

Die strekking van die botsing, indien enige, sal duidelik raak as Klopper se vergoeding gedurende die proses analiseer word.

Klopper het tot op hede nie verklaar hoeveel hy betaal is as direkteur van Orthotouch of as sakereddingspraktisyn nie.

In nog 'n voorbeeld wat op Klopper se gedrange posisie kan dui, het Klopper en Myburgh geen stappe teen Zephan as die onderskrywer van die skema geneem (toe Zephan, eensydig en teenstrydig die Artikel 155 Reëlinskema, alle rentebetelings aan beleggers wat die wettige prosesse teen Georgiou en verwante partye ondersteun het, gestaak het) nie.

## **5. Die verkoop van eiendomme aan die Delta eiendomsgroep**

In die artikel 155 Reëlinskema het Georgiou “onderneem” om 14 eiendomme wat nie deel van die oorspronklike 79 gesindikeerde eiendomme aan Orthotouch was nie, aan Orthotouch oor te dra. Dit is voorgehou as 'n bewys van Georgiou se toewyding tot die skema.

Nie net het dit nie gebeur nie, Georgiou het die eiendomme 'n jaar later aan die Delta eiendomsgroep verkoop.

Volgens Moneyweb se ondersoek het hierdie transaksies 'n verlies van R272.9 miljoen tot gevolg gehad vir Orthotouch. Klopper en Myburgh het hierdie transaksies goedgekeur as direkteure van Orthotouch.

## **6. Hoekom is die HS maatskappye nie in likwidasie nie?**

Ondanks die bogenoemde ontwikkelinge, wat oënskynlik beleggers benadeel het, het Klopper nog die HS-maatskappye in likwidasie geplaas nie. Selfs na Orthotouch en Zephan in Desember 2019 in sakereddingsreëding geplaas is, bly die HS-maatskappye steeds in sakereddingreëding.

Uit Moneyweb se ondersoek is dit duidelik dat bykans alle eiendomme wat die HS-maatskappye besit het in verdagte omstandige verkoop is aan derde partye, en dat 'n artikel 417 ondersoek in verband met Klopper, Myburgh en Georgiou se gedrag aangewese sal wees.

'n Artikel 417 ondersoek word gedoen om die gebeure voor die likwidasie van 'n maatskappy te ondersoek. Dit word gebruik om te bevestig of daar enige bates geplunder of gestroop is voor likwidasie.

## **7. Klopper het vir Jacques du Toit genader om die sakereddingspraktisyn van Zephan en Orthotouch te word**

Jacques du Toit het tydens die krediteurevergadering van Zephan en Orthotouch bevestig dat Klopper een van die partye was wat hom genader het om as sakereddingspraktisyn op te tree vir die maatskappye. Georgiou se prokureur, Mario Kyriacou, het ook as Du Toit se raadgewer opgetree tydens hierdie vergadering. Du Toit se onafhanklikheid, sowel as onpartydigheid, kan dus bevraagteken word. Die laaste ding wat beleggers nodig het is 'n sagte benadering met betrekking tot die bovermelde gebeure sowel as die rolle wat Georgiou, Klopper en Myburgh gespeel het.

Dit is ook krities dat die nuwe sakereddingspraktisyn sy eie sakereddingsplan opstel, en nie Klopper se voorbeeld volg om 'n sakereddingsplan te publiseer wat gebaseer is op 'n vorige plan wat Georgiou aan beleggers gebied het nie, wat verwerp was.

Volgens Moneyweb sou die belange van HS beleggers beter gedien word en sal geregtigheid kan seëvier, alhoewel laat, as Orthotouch gelikwideer word en 'n Art 417 ondersoek geloods word.

Een ding wat beleggers in gedagte moet hou is dat die spore gelaat deur eiendomme en groot bedrae geld altyd gevolg kan word.

**Hierdie is 'n vertaalde weergawe van die oorspronklike artikel, en die akkuraatheid van die vertaling word nie gewaarborg nie. Die oorspronklike artikel is geskryf deur Ryk van Niekerk, die besturende redakteur van Moneyweb. Hierdie artikel is gepubliseer op 28 April 2020 en die amptelike weergawe is beskikbaar by: <https://www.moneyweb.co.za/in-depth/investigations/seven-reasons-the-tragic-conclusion-of-the-hs-schemes-must-be-investigated/>**

## **7. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE**

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnummers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagstates@gmail.com** vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir betalingsbewyse
- **admin@ccaf.co.za** vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm
- **enquiries@ccaf.co.za** vir ander CCAF navrae

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

## 8. **BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES**

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrieff vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) en kan direk besigtig word by die volgende skakel: <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf>

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

**Vriendelike groete**

**HSAG-Bestuurskomitee**

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

[hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com)





\*AFRIKAANS HIERBO\*

## MONTHLY NEWSLETTER: MAY 2020

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

